NUUSBRIEF VAN DIE HOUTWERKVERENIGING VAN PRETORIA

tambotie

NEWSLETTER OF THE WOODWORKING ASSOCIATION OF PRETORIA

September 07 September 07

Redaksioneel

Dit is nou net so bietjie meer as ’n maand voor die uitstalling! My stoelprojek begin my vang en so ook die speelgoed wat ek nog moet maak! Dit is egter lekker om goed te hê wat druk op jou plaas, want op die manier is jy minder geneig om TV te wil kyk en kry jy dit reg om dinge te doen wat eintlik vir jou lekker is. Die probleem is net dat ’n mens nie altyd die nodige spoed het om klaar te kom nie en dan is daar soveel onverwagte prioriteite wat al jou beplanning omvêr werp. Die uitdaging bly egter en hopelik sal alles op die end betyds klaarkom! Ek vertrou dat daar nog baie van julle is wat ook die 19de Oktober as ’n afsnydatum jaag. **(Dit is die dag wat jou goed vir die uitstalling ingedien moet word!)**

Ek het ’n week gelede ’n ou vriend, wat toevallig ook voorheen lid van ons vereniging was, raakgeloop. Die man het eendag (so paar jaar gelede) uit die bloute bedank uit die vereniging. By navraag het hy nou vir my gesê dat hy bedank het oor die “klieks” binne die vereniging. Daar is ook ’n ander lid, wat nou onlangs aangesluit het, wat hierdie maand aangedring het dat ons sy geld moet teruggee aangesien sy aansluitprosedure nie goed gedoen was nie. Dit het my laat dink dat ons almal tog maar moet seker maak dat ons inskakel by die groep of groepe by wie ons belang het. Ek dink ek praat namens die meeste van ons as ek sê dat die lede eintlik almal gawe ouens is. Dit is so dat daar sommer hegte vriendskappe onderling tussen lede ontstaan het. Dit is egter nie tot uitsluiting van andere nie, maar ’n natuurlike proses waar mense gemeenskaplike belange het wat veroorsaak dat hulle nader aanmekaar sal beweeg. Die punt is dat ons almal moet poog om in te skakel en as daar probleme sou kom word u versoek om tog maar met die komitee lede daaroor te skakel. Dit is nie nodig om te veg vir ’n posisie, of jou regmatige plek in die vereniging nie! Ons almal moet onthou dat die mense wat die sake van die vereniging behartig dit op ’n deeltydse grondslag doen en werklik hul bes probeer om dit so glad moontlik te laat verloop. Ons moet tog maar so hier en daar bereid wees om mense te verskoon wat foute maak en of dinge laat deurglip. (Ons is nie voorstaanders vir swak werk nie dog vra net redelikheid.)Let us all join in and enjoy ourselves by assisting others and by asking for help where it is required. Any suggestions as to how procedures, programmes etc. could be improved would furthermore be welcomed.

Programme: September

- **Saturday, 8 September at 09h00**: The cabinet makers meet at the workshop of Leon Wolmarans, 745 Richmond Street, Erasmuskloof (072 179 7545)
- **Wednesday, 19 September at 18h00**: The turners meet at the workshop of Lou Coetzer. 494 Nebraska Street, Faerie Glen. Tel: 012 991 1241
- **Wednesday, 26 September, at 18h00:** The monthly meet at the Botany Department of the University of Pretoria.
- **Monday, 1 Oct – Wednesday 3 October: Expo 50+. At the Pretoria Show Grounds** The Association will be represented by the turners group. (This should be of interest to all our members past 50!)

Vorige maandvergadering

Ons vorige maandvergadering is gewy aan een van die jaar se gunstelinge, naamlik Aids & Gadgets. (Jammer, maar ek is nie bewus van geskikte Afrikaanse woorde vir hierdie funksie nie!) Daar was seker goed 20 lede wat hierdie jaar items gebring het en verskeie van die lede het meer as een item ten toon gestel. Dit was voorwaar ’n suksesvolle aand.

Die lede het soos volg gestem vir die items wat as die beste beskou was:
1ste: David Malan met sy draaibankkloukop.
2de: Frans Gericke met sy skuur en tap-maak setmaat vir die staanboor.

3de: Danie Venter met sy setmaat om tappe met die "spindle" te maak.

Hierdie lede word geluk gewens met dit wat hulle vertoon het. Ek dink veral David se poging getuig van netjiese vakmanskap wat die werk sommer aansienlik makliker maak. I do not want to go counter to what the majority decided, but would like to mention that Don Moody's "Bobbin Sander", as well as Claas Coetzee's solution on how to drill potholes on site, were very clever and innovative! I believe that this meeting clearly indicates how our members make things work for themselves.

David se kloukop vir die draaibank.

Frans se setmaat vir die staanboor.

Ongelukkig het ek nie 'n foto van Danie se setmaat gekry nie!

Hier is egter 'n foto van Don Moody se „bobbin sander"

Next monthly meeting

We will once again meet at the Botany Department of the University of Pretoria on 26 September 2007 at 18h00. At the time of this being written, the theme for the evening has not yet been finalised. However, it is reasonably certain that we will have talks on some of the following topics:

- Laser engraving.
- Wooden houses.
- A woodwork academy that operates in the Midrand area.

Die voorsitter se deel

Meeste van ons houtwerkers kry op een of ander stadium te doen met die probleem van prysbepaling vir 'n item wat ons vir iemand gemaak het. Diegene wat hul lewe uit houtwerk maak het 'n formule wat toegepas word om te voorsien vir die veranderlikes. Vir ons amateurs of stokperdjie houtwerkers kom daar dikwels nog faktore by nl. sentiment en emosies. Die versoek om 'n item te maak kom dikwels van 'n familielid, wat juis vir jou nader omdat hulle dit goedkoop, of goedkoper as die winkelprys wil hê, maar dan moet dit terselfdertyd ook so bietjie anders of selfs beter as die winkel item wees.

Kom ons bekyk vir 'n oomblik die prys van 'n paar kommoditeite wat altyd ter sprake kom nl. die finale afwerkingsmiddel- vernis of verf en gepaardgaande oplos-skoonmaakmiddels (terpentyn, lakverdunner ens.) en dan die onontbeerlike voertuigbrandstof.

Ek kla dikwels oor die prys van vernis en oplosmiddel by die kleinhandelaar. Voordat ek koop vergelyk ek ook die pryse by verskillende handelaars en daar is soms 'n aansienlike prysverskil vir identiese

produkte. Vir die doel van hierdie skrywe gaan ek die volgende gemiddelde pryse gebruik nl.:

- Vernis R70/liter.
- Terpentyn R15/liter.
- Brandstof-petrol/diesel R7/liter.

Ek maak ook die bewering dat vernis, terpentyn en lakverdunner hoofsaaklik neweprodukte van die petro chemiese proses is en verder beweer ek ook dat die R7/liter brandstofprys sowat 40% belastings en heffings insluit wat beteken dat die petrol/diesel in der waarheid slegs R4.20 per liter beloop. Kom ons kyk waarom ons so duur (R4.20) vir een liter voertuigbrandstof betaal.

1. Daar word jare lank vir olie/gasbronne gesoek en geprospekteer deur goedopgeleide mense wat nie hierdie soort werk gratis doen nie.

2. Wanneer die oliebronne opgespoor word op land of ter see, word eers bepaal of dit ekonomies ontginbaar sal wees. Daarna word die gate geboor deur spanne wat weet hoe om vir olie te boor en hulle word goeie geld betaal vir daardie spesialis tipe werk. Die toerusting wat gebruik word kos baie dollars en nog baie meer Rande! (Dit laat my dink aan wat die boorman jare gelde aan my vader gesê het toe hy genader was om 'n boorgat vir water vir die beeste te boor. "Oom moet mooi verstaan, ek boor nie vir water nie – ek boor vir geld!)

3. When oil is found, often quite deep below the surface of the earth, it must be brought to the surface which requires specialised pumping equipment that must be constantly supervised and maintained by suitably qualified people to ensure a steady supply of that oil.

4. Once at the surface the oil must be delivered to the various users all over the world. Depending on the location of the oil well and the location of the buyer this might entail an oil pipeline to the nearest seaport or a bunker buoy at sea. These pipelines cost money to install, and must be maintained against leaks and secured against sabotage and tapping. Security does not come cheap.
The acquisition of crude oil is done through agents who clinch the deals between governments and the oil barons. These agents are not exactly poor because they charge handsome amounts as brokerage fees which all add up to the price we ultimately pay for the end product.

5. Super tankers are often used to transport oil from its source country to the user country. These super ships are designed and built by expert engineers and thousands of tradesmen at a cost of millions of dollars and billions of Rand.. These vessels are so automated that they are operated by a dozen or so seamen who gets paid pretty well for the enormous responsibility they carry to safely deliver the cargoes to the port of destination.

6. All maritime cargoes are heavily insured against loss and disasters at sea and in the case of oil the possibility of spills and pollution must also be insured against. Another cost factor which must be added.

7. At the destination port there is another logistic system in place to receive the oil and either pumps it directly to the refinery located near the port area or in some cases for hundreds of kilometres to a refinery deep inland eg. SASOL. Once again the pipeline must be secured and maintained by a company with suitably trained responsible people who all get paid for services rendered.

8. An oil refinery is a very complicated and very, very expensive facility where lots of people with various qualifications are employed and paid. Safety precautions and security must be of the highest order and to ensure this costs a lot of money. Maintenance of a refinery is absolutely essential and an ongoing process. At the refinery the crude oil is converted to various grades of refined oils, petrol, diesel, aviation fuels etc. , etc. In this process various bi-products are also produced such as waxes, bitumen, turps, thinners and many more. The main activity, however, is to extract that pure lead free petrol or low sulphur diesel which our modern motor car requires to convert into travel distance.

9. From the refinery the precious fuels are transported mostly by tanker trucks to the various filling stations where it is deposited into underground tanks or to bulk tanks on farms.

10. The filling station owner must ensure that the tanks are clean and uncontaminated and not leaking. He must ensure that the pumps are correctly set and calibrated. He must employ keen, courteous and honest pump attendants to ensure that we as motorists (woodworkers) pay the correct amount of R4.20 plus lots of taxes for every litre of petrol. He must also make sure that the tax is paid to the government.

So after a very long process, involving many people and lots of action and after everybody along this line has taken the profit that he is entitled to, we get a steady supply of clean fuel for R4.20/l. As is our right we complain and moan amongst ourselves about the high cost of petrol. After filling up the tank of 60 litre we pay our R420 and drive to the paint merchant to buy one litre of varnish for R70 (or for 60 litres it would be R4200)

Can somebody please explain to me how this is justified or where did my simple reasoning go wrong.

A Smit.

Meubelmakers

Ongelukkig het verlede maand se bydrae agterwee gebly weens onvoorsiene gebeure. In Julie het die meubelmakers by David Malan bymekaar gekom. Waar ons lekker om 'n groot tafel gesit, gesels en heerlik aan versnaperinge gepeusel en koffie gedrink het. Tydens die sessie het ons gesels oor waar watter hardeware bekom kan word. Dit was baie gou duidelik dat ons klein rolspelers maar gaan sukkel om sommige van die hardeware in die hande te kry en dat die internet ongelukkig nie 'n uitweg ten opsigte van firmas in Suid Afrika is nie, maar wel ten opsigte van oorsese firmas.

So ongeveer 12 jaar gelede het ek by ***Lee Valley Tools*** in Kanada 'n besoek afgelê. Dit was voorwaar 'n belewenis, net jammer ek het nie genoeg geld en pakplek gehad nie. Die rede hoekom ek van ***Lee Valley Tools*** vertel is omdat dit nou moontlik is om van hulle dmv die internet te koop. Besoek gerus hulle webwerf (www.leevalley.com) en verlustig jou in wat daar aangebied word, omtrent enige iets van handgereedskap, hulpmiddels tot hardeware.

Augustus het ons by Klaas Coetzee bymekaar gekom. Tydens die byeenkoms het Klaas gedemonstreer hoe om "stile & rail" op die "spindle" te maak. Daarna het elkeen 'n beurt gekry om sy eie raampie te maak. Die eerste gedeelte van die byeenkoms het gehandel oor die "spindle", lemme en bykomstighede, waartydens baie interessante inligting en kennis oorgedra is.
Dit is gevolg deur 'n demonstrasie oor hoe om planke verby die lemme te voer, wanneer profiele gesny word.

Veiligheid is hier van uiterste belang, want die spindle is 'n genadelose masjien wanneer dit nie korrek gebruik word nie. Wat van kardinale belang is, is dat die nodige gidse en skerms in plek moet wees en korrek gestel moet wees om te voorkom dat 'n mens se vingers in aanraking met die lemme kan kom.

Daarna is die "spindle" opgestel vir "stile & rail" en nadat Klaas gedemonstreer het hoe om die snitte te maak, het elkeen 'n beurt gekry om sy eie raam te sny.

Nadat al die snitte gesny is en die passings gedoen is, was sommiges heel verbaas oor hoe goed die end resultaat daarna uitsien. Een van die lesse wat ek hier geleer is, is dat die korrekte toerusting gekombineer met die korrekte tegnieke sorg vir aangename werksondervinding.

1. Klaas demonstreer hoe om die plank te voer

2. Andreas besig om die profiel op die kopkant te snv

Namens die meubelmakers wil ek graag vir beide David en Klaas bedank vir hul bydraes en heerlike versnaperinge.

Die volgende byeenkoms is op 8 September 2007 by Leon Wolmerans (072 179 7545) te Richmondstraat 754, Erasmuskloof om 09:00. Die onderwerp is voeë. Omdat voeë so 'n wye veld dek is daar besluit om te konsentreer op die volgende voeë (Engelse benaming): mortise & tennon, floating tennon, lock mitre & half blind dove tail.

3. Douglas spog met sy handewerk

Enige lid van die Vereniging is meer as welkom om die Meubelmakers se byeenkomste by te woon.

Danie Venter

Turners' Corner

At our last meeting we had a lady who spoke to us on the details of Expo 50+. We also finalised the arrangements for our participation at this expo over the period 1-3 October 2007, at the Pretoria Showgrounds. Everyone is convinced that this is once again a very good opportunity by which we can get positive exposure for the Woodworking Association of Pretoria. We do hope to see large numbers of our members attending/visiting.

The rest of the evening was spent on discussing the items that were turned over the previous month.

Jack Munting had some interesting candle holders that he turned for a client. (See the photo).

After the discussions, David Malan demonstrated how to use a router when asembling pieces for the segmented turnings that has now become his trademark.

This month's turnings

Our next turners' meeting will be at Lou Coetzer's workshop, on Wednesday 19 September, at 18h00. The homework for the evening will be a follows.

Beginners	Intermediate	Advanced
Halwe muurrak/ spintop	Square edged vessel, bowl or platter	Versierde stuk/ turn a torus

Ons draai-voorsitter het versoek dat ons weer eens vir die draaiers moet vra om tog maar hul naamplaatjies na byeenkomste te dra. Dit maak dit veral maklik om nuwe lede te leer ken en die nuwe lede kan ook ons ou manne makliker leer ken. **(Hierdie is seker iets wat almal in die vereniging maar 'n gewoonte van kan maak. Dit kan ook verhoed dat mense kan glo dat daar klieks is!)**

Speelgoed

Die speelgoedprojek is hierdie jaar ten bate van die speelgoedbiblioteek. Dié word gehuisves in die Centurion biblioteek, waar die enigste sodanige biblioteek in Pretoria is.

Hulle benodig speelgoed wat sterk en duursaam is en wat maklik vervoer kan word. Die teikenmark is voorskoolse en laerskoolkinders, en enigeen wat 'n pa of oupa is sal weet wat vir dié ouderdomsgroepe interessant sal wees.

Ek wil baie dankie sê vir al die bydraes wat al gemaak en/of belowe is en ek wil vra dat elkeen probeer om iets te maak, al is dit net blokkies van afvalhout. Ons wil op die skou in Oktober 'n uitstalling van die speelgoed maak en sal dit dan daarna gaan aflewer. Daar is dus nog so ses weke oor om iets te skep.

As iemand graag wil deelneem, maar nie die materiaal kan bekostig nie, kan hy my kontak. Die bestuur het ‘n bedrag bewillig om daarmee te help. As enigeen na idees soek, kan hy my ook kontak of in die naaste biblioteek gaan kyk.

Ek sal baie bly wees as iemand kan help om eenvoudige pophuismeubels te maak, want ek dink nie ek gaan daarby uitkom nie. Ek het ‘n boek met idees daarvoor, en ‘n elementêre pophuis sodat die skaal gesien kan word.

En nog ‘n laaste voorstel: enigeen is welkom om sy naam en kontaknommer deur middel van ‘n plaatjie of plakker op sy speelgoed aan te bring as hy dit as advertensie wil gebruik. Baie kinders gaan dit uitneem en mense sal dalk daarvan wil bestel, so as jy gewillig is om op bestelling te maak, sit jou naam op.

Ek hoop almal kry ‘n aanval van inspirasie en verras my – selfs die draaiers kan speelgoed op die draaibank maak; ek dink nou sommer aan kegels (skittles), dis mos maklik om gou-gou te maak. Dalk kan julle saamspan en ‘n stel of twee saam maak?

My kontakbesonderhede is 012 345-2008, 083 655-5532, lcb@telkomsa.net. Elsabé Vemaak

(Ek hoop dat hierdie pleidooi van Elsabè nie op dowe ore sal val nie. Julle kan selfs jul hout deur die bestuur geborg kry. Ons het regtig nie rede om nie deel te neem nie. Selfs die gene wat nie kleinkinders/ kinders het nie kan ook maar deelneem. Red)

My Chair

I am stil trying to complete my chair. This photo shows where I am carving the back rest of the chair. (My time is running dangerously short- I hope that I will manage to complete it in time!)

Advert

DeWalt 1251 Radial Arm Saw with the following attachments

DeWalt Shaper/Joiner Set , includes ! Straight and 4 Moulding Cutters , 3" and 1" drum Sanders & 8" Sanding Disc.
Two spare DeWalt blades 68 & 44 Teeth ea with a 40 Tooth ASAX TCT blade on the saw .
Surface table upgraded to heavier SupaWood .
Original equipment Manual & R J de Cristoforo's Book "The Magic of your Radial Arm Saw".
All in excellent condition.

Price All Inclusive R11,000

John Snyman : Cell No. 082-465-8770.

Boom van die jaar- Deel 2

Deur Lou Coetzer

***Rhus pyroides* (taaibos, common wild currant) (Anacardiaceae)**

Rhus pyroides is een van ons bekende kareesoorte en volgens die Nasionale Boomlys kom daar 46 *Rhus*-spesies in Suidelike Afrika voor. Kenmerkend van die groep is hul saamgestelde blare wat elk uit drie pinnas bestaan en afwisselend gedra word. Die meer bekende gewone karee (*Rhus lancea*) se skraal, haarlose pinnas laat die blare soos hoenderspore lyk. *Rhus pyroides* se pinnas is heelwat breër, maar korter as dié van *Rhus lancea* en is harig. Verder is *Rhus pyroides* een van slegs ‘n paar *Rhus*-soorte wat bladwisselend is. Gedurende die Wintermaande is dit meesal die immergroen kareebome wat in die Waterbergse bosveld tussen die ander blaarlose bome uitstaan.

Die verspreiding van *Rhus pyroides* stem grootliks ooreen met dié van *Rhus lancea* naamlik hoofsaaklik in die sentrale en oostelike dele van Suid-Afrika, met goeie verteenwoordiging in die Pretoria-Witwatersrand omgewing waar dit een van die kenmerkende Bankenveld-spesies is. Tans kom dit in hierdie gebied nog in sommige huistuine voor as ‘n oorblyfsel van die oorspronklike boomflora. Verder noord ken ons *Rhus pyroides* vanuit die suuragtige gemengde bosveld en kom dit ook in Zimbabwe, Botswana en Namibië voor. Dit is baie gehard en aanpasbaar en groei daarom gemaklik in verskeie grondtipes – ‘n simbool van duursaamheid en aanpasbaarheid. *Rhus pyroides* is groot, meerstammige en houtagtige struike met ‘n spreidende kroon. Dit groei selde tot ‘n enkelstammige boom, maar vorm kenmerkende

stamknoetse op die grond vanwaar verskeie hooftakke ontstaan. In die kouer dele van sy verspreidingsgebied soos in die mieliestreke van die Noordwes-Provinsie, is *Rhus pyroides* opvallend kleiner en het dit meer stingeldorings as in die warmer gebiede. Die populêre naam **Taaibos** verwys na die sterk (taai) stingels en na hoe moeilik dit is om 'n tak, selfs 'n dunnerige een, af of middeldeur te breek – nat of droog. Die Engelse naam **Common wild currant** verwys na die ryp vrugte wat soos klein, gedroogde rosyntjies (korinte) lyk. Die ryp vrugte, steenvrugte (drupas), is ook suur-soet soos dié van *Rhus lancea* en word in trosse aan die einde van jong takke gedra. Die geel-groen blomme is klein en eenslagtig en daarom kom vrugte slegs op die vroulike plante voor.

Vir William Burchell, outeur van die spesienaam *Rhus pyroides*, was die ooreenkoms in groeivorm van taaibos en 'n peerboom so opvallend dat hy die spesifieke epiteton *pyroides,* wat "soos *Pyrus*" ('n peerboom) beteken, gebruik het om hierdie *Rhus*-soort mee te benaam. Burchell het hierdie struik-bome vir die eerste keer in die omgewing van Kuruman raakgeloop.

Die hout is duursaam en die kernhout rooi-bruin maar die stamme is meesal dun en krom met min reguit dele. Dit is bekend dat dit al vir heiningpale en gereedskapstele gebruik is. Die hout is geskik vir kleiner draaistukke, maar is geneig om te bars soos ook vir die droë hout van *Rhus lancea* bekend is.

***Pavetta schumanniana* (gifbruidsbos, poison bridal bush) (Rubiaceae)**

Pavetta schumanniana is een van 30 *Pavetta*-soorte in suidelike Afrika en hulle word uitgeken aan die opvallende trosse wit blomme en swart bakteriese knoppies op die blare. Soos tipies van alle lede van die Rubiaceae, word die blare van Pavetta schumanniana ook kruisgewys teenoorstaande gedra, d.w.s. twee blare per knoop, met 'n duidelike interpetiolêre stipuul.

Pavetta schumanniana is meesal 'n houtagtige struik tot kleinerige boom wat veral in die laeveldse bosveld voorkom. Verder noord is dit versprei in Zimbabwe en die heel noordelike dele van Namibië. Met sy blink, haarlose blare en spierwit trosse blomme, het dit baie potensiaal as 'n ornamentele struik in 'n huistuin. Dit herinner baie aan Dais cotinifolia (basboom, pompon tree) sover dit die rangskikking van die blare in eindstandige groepe en die blomme in hofie-vormige trosse betref. Die groen, vlesige vrugte word tot 8 mm in deursnee en vertoon blink-swart wanneer hulle ryp is.

Die hout van Pavetta schumanniana is wit en relatief sag in die vars toestand en nie juis geskik vir gebruik vir implemente nie. Dalk lê hier 'n onontginde bron wat wag om ontdek te word. Die hout kan geredelik vir kleiner draaistukke gebruik word, maar dit is onbekend hoe dit in die droë toestand vertoon.

East Rand Woodworkers Association

The East Rand Woodworkers Association are holding their fourth annual woodworking fair on Saturday, 8 September 07.

Venue: Timber City East Rand, 2 Fobian Street, off north Rand Road, Boksburg.

Time: 9am to 2 Pm.
Entrance: Free

(All our members are encouraged to attend this show by our neigbours. We may well pick up valuable hints from them- Ed)

BESKERMDE BOME

Wet nommer 84 van 1998 (die nasionale wet op bosse) is op 5 Augustus 2005 opdateer met 'n kennisgewing van 'n lys beskermde boomspesies. Dit het 'n geskarrel onder houtgebruikers veroorsaak omrede die spesifieke bewoording daarvan wat verreikende implikasies het. Die regulasie lui soos volg:

Die gevolge van die deklarasie is dat in terme van artikel 15(1) van die Nasionale Wet op bosse, 1998, geen persoon enige beskermde boom mag afkap, versteur, beskadig of vernietig nie, of 'n beskermde boom of enige bosproduk daarvan afkomstig mag besit, versamel, verwyder, vervoer, uitvoer, koop, verkoop, skenk of op enige ander wyse verkry of <u>daaroor beskik nie</u>, (skrywer se onderstreping) *behalwe kragtens 'n lisensie aan 'n aansoeker toegestaan deur die Minister onderhewig aan 'n tydperk en kondisies soos wat neergelê mag word.*

'n Oortreding van die deklarasie word as 'n kategorie een misdryf beskou wat kan lei dat 'n persoon wat skuldig bevind word, gevonnis kan word tot 'n boete of gevangenisstraf vir 'n tydperk van tot 3 jaar, of tot 'n boete <u>en</u> sodanige gevangenisstraf. Die oorspronklike lys van beskermde boomspesies is in Staatskoerant nommer 27846 gepubliseer.

Bylae A van genoemde kennisgewing lys 47 boomname. Dit sluit 'n goeie verskeidenheid van ons inheemse soorte in. Volgens 'n berig hieroor wat in BEELD verskyn het (26 Oktober 2005) het die Minister in 2002 gelas dat 'n nuwe opname gemaak word om die lys saam te stel. Altesaam 350 name is voorgestel waarna 'n paneel boom-wetenskaplikes hieruit die kortlys saamgestel het. Hulle het veral die volgende vier kriteriums vir name op die kortlys gebruik : daar is gekyk na 'n spesie se **biodiversiteitswaarde**, sy relatiewe **bydrae tot 'n bepaalde ekosisteem**, hoe swaar dit reeds vir

byvoorbeeld **medisinale doeleindes benut** word, en laastens vir sy **landskaps- en spirituele waarde**.
Die hoofrede vir hierdie lys beskermde bome is die kommer oor die oorbenutting daarvan. Dis reeds algemene kennis onder braaiers dat **hardekool** (Combretum imberbe) by meeste mense die nommer 1 keuse is wanneer 'n goeie braaihout gekies word. Ander soorte soos **kameeldoring** (Acacia erioloba) en **ebbehout** (Euclea pseudebenus) geniet ook hoë aansien as puik braaihout en staan nie ver agter hardekool nie. Hulle name verskyn ook op hierdie lys. Daar word bereken, volgens die berig in BEELD, dat tot 70,000 kg braaihout weekliks in Gauteng alleen verkoop word. Dan word nog nie die benutting van ons bome se hout vir kosvoorbereiding, medisinale doeleindes en die maak van meubels en ander implemente daarby gereken nie. Die berig lui verder dat die regering tans in verskeie hofgedinge betrokke is met mense wat bome onwettig afgekap het.
Volgens **PELTOPHORUM**, nuusbrief van die Boomvereniging van Suidelike Afrika, heers daar groot kommer oor die moontlikheid dat die nuwe wetgewing kriminele van niksvermoedende mense kan maak. Dit is na dese 'n oortreding om enigiets afkomstig van hierdie boomsoorte, of die boom self, in jou besit te hê tensy 'n lisensie in dier voege van die Minister verkry word. Vroeër was die departement van Bosbou aktief betrokke by vendusies waar inheemse hout verkoop is asook die promosie van boomkweking en het hulle selfs saad of saailinge aan die publiek voorsien, insluitende sommiges van die wat nou op die lys van "onaantasbares" verskyn. Verskeie navrae by die departement van Waterwese en Bosbou het uiteenlopende antwoorde verskaf oor hoe die wet toegepas gaan word. Dit het varieer van 'n burokratiese benadering dat dit tot die letter toegepas gaan word, tot 'n meer ontspanne en sagter benadering waarin die publiek in die gebruik en bewaring van hierdie soorte opgevoed sal word om hulle samewerking te kry om hierdie bedreigde soorte te help kweek en aan te plant. Om presies te weet waar ons met hierdie wetgewing staan, sal meer duidelikheid egter van die departement verkry moet word oor die verskille in interpretasie daarvan deur verskillende uitvoerende amptenare.
Die volledige lys van al die beskermde boomsoorte kan gesien word by www.dwaf.gov.za . Van die meer algemeen bekende boomsoorte wat in die lys verskyn is kameeldoring / camel thorn (Acacia erioloba), kremetart / baobab (Adansonia digitata), groendoring / torchwood (Balanites maughamii), witgat / sheppard's tree (Boscia albitrunca), mingerhout / matumi (Breonadia salicina), hardekool / leadwood (Combretum imberbe), assegaai / assegai (Curtisia dentata), kusrooimelkhout / coastal red milkwood (Mimusops caffra), stinkhout / stinkwood (Ocotea bullata), gariep harpuisboom / gariep resin tree (Ozoroa namaquensis), appelblaar / apple leaf (Philenoptera violacea), al die geelhoutsoorte / yellow woods (Podocarpus spp), kiaat / wild teak (Pterocarpus angolensis), krinkhout / violet tree (Securidaca longipedunculata), maroela / marula (Sclerocarya birrea), melkhout / white milkwood (Sideroxylon inerme) en die Clanwilliam- en Baviaanskloof-seders / cedars (Widdringtonia spp). Van die ander soorte op die lys is redelik onbekend tot baie skaars met 'n beperkte verspreiding.
Gelukkig is goeie braaihout van die gewone haakdoring / common hook thorn (Acacia caffra) en rooibos / red bushwillow (Combretum apiculatum) nog ongereguleerd (en redelik volop) vir ons beskikbaar. Dankie tog vir daardie toegewing. Verder sal die lede van die houtwerkvereniging ook nog verheug wees dat immer gewilde houtsoorte soos olien / wild olive (Olea europaea subsp. africana), tambotie / tambuti (Spirostachys africana) en mopanie / mopane (Colophospermum mopane) nog algemeen en ongehinderd beskikbaar is om te waardeer en te gebruik. Vir die onthalwe van toekomstige lede van die Houtwerkvereniging kan ons gerus van die skaars en bedreigde soorte in ons tuine aanplant sodat hulle dit ook eendag beskikbaar mag hê om te gebruik. Dink net hoe dankbaar hulle teenoor ons sal wees vir so 'n nalatenskap in plaas daarvan dat ons daaraan meegedoen het om interessante en skaars soorte te help

Exhibition 2007

Just a little reminder that we will have our exhibition for 2007 at the Lions Club Hall, during the weekend of 19- 21 October 2007. (Detail timings etc in next month's Tambotie.) Come on guys, make an effort to advertise for us and to get your masterpiece completed so that you can also take part.!!

EDITORIAL

Editor: Louw Trichardt
Address: Box 50606, Wierda Park, 0149
Telephone: 012 653 1874
E-mail: louwmarie@icon.co.za